e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

1 April 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 9

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Via Dolorosa, vanaf *Praetorium* na *Calvaria* – maar baie meer en veel verder!

Die Here Jesus se lydensweg, sy 'pad van smart' (*Via Dolorosa*), is deur baie eeue heen en word tot vandag toe in Jerusalem langs veertien 'stasies van herinnering' met relieke en monumente gedenk, in besonder deur pelgrims na Jerusalem vanuit die Katolieke en Oos-Ortodokse tradisies.

Hierdie veronderstelde lydensweg begin by Pilatus se ampswoning (die *Praetorium*), met die bekende Leeupoort as die eerste stasie, en eindig by die plek waar die kruis na oorlewering op Golgota, die berugte heuwel van die skedel(s), of Kopbeenplek, in die grond geanker was (by die hoogste punt van die heuwel, genoem *Calvaria* – Latyn vir 'skedel'; moontlik so genoem omdat die rotswand soos 'n skedel gelyk het, of moontlik omdat dit besaai was met tereggesteldes se skedels en beendere). ***(Kyk ook die foto en die verduideliking daarvan op die agterblad.)***

Die laaste stasie is dus by *Calvaria* self, met die verwydering van Jesus se liggaam vanaf die kruis met die oog op balseming en die plasing daarvan in Josef van Arimatea se graf. Leeupoort, die *Ecce Homo* Boog, die veronderstelde plekke van Jesus se ontmoetings met sy moeder en Simon van Sirene, asook elkeen van die drie plekke waar Jesus na oorlewering sou geval het, tel onder die bekendste van hierdie veertien stasies op die *Via Dolorosa*.

Die vroeë Protestantse tradisie wou egter baie ruimer oor *Via Dolorosa* nadink: Die lydensweg is nie verstaan as 'n geometriese punt, of 'n plek tussen twee fisiese verwysingspunte (die *Praetorium* en *Calvaria*) nie, maar as 'n *toestand*. Die vleeswording self, die Here Jesus se hele aardse lewe, was lyding. Daarom gedenk ons Jesus se *hele lydende lewe* op Goeie Vrydag, waarvan sy verskriklike dood op Golgota die spitspunt en stempel was. *Via Dolorosa* beteken: Deur mens te word, het Hy gely, ook vir my. Die fisiese lyding van Jesus korrespondeer met die fisiese lyding in die wêreld, en ja, die dood self; maar meer nog, sy geestelike lyding as mensgeworde Woord dra die ontelbare onsigbare nood in die wêreld.

Tweedens het die vroeë Protestantse tradisie *Via Dolorosa* op 'n diepsinnige wyse as 'n *opdrag* geformuleer: Neem jou eie kruis op en stap die lydensweg – jou eie lydensweg – agter Hom aan. Die oudste Evangelie, Markus, se sentrale gedeelte (8: 34 – 9: 1), verkondig dit eksplisiet so. Jy moet ook *jou* kruis dra, agter die Een wat jou voorgaan op die kruisweg. So word *Via Dolorosa* aangrypende teologie: nie nostalgiese relieke op 'n steil, folterende pad tussen *Praetorium* en *Calvaria* nie, maar 'n lewenshouding, 'n eksistensiële en morele imperatief vir 'n deugdelike, volvoerde Christelike lewe, deur teenspoed, afgryse, tragedie en jou eie sterwe heen.

Goeie Vrydag se teologiese betekenis vestig daarom nie in 'n simboliese of reliekmatige herinnering nie, maar is diep eksistensieel: Ons gedenk op Goeie Vrydag nie die dood van 'n kultuurhistoriese martelaar of 'n morele ideaaltipe nie. Ons bely dat God mens geword het, tot sy verskriklike sterwe toe, en dat dít die dwingendste implikasies inhou vir ons hele lewe.

Maar dan ook vir ons hele sterwe: Die laaste stasie sou na ons verstaan nooit *Calvaria* kon wees nie. Die laaste stasie is spanningsvol ook die eerste, nuwe stasie: die leë graf, inderdaad stasie na die ewigheid. Helder klink die jong vrou se stem die Sondagmôre vroeg: *Rabboeni!* Ja, ons kom nie net agter Hom aan by ons eie graf nie; ons kom ook agter Hom aan by die stiltes van die ewigheid.

Dr Johann Beukes

*** Neem asseblief kennis dat daar nie op Donderdag 8 April 2010 'n uitgawe van die *e-Hervormer* sal wees nie.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Fanie Hoffman

Beroep aanvaar

- **Ds Fanie Hoffman** van Waterberg na die kombinasie Belfast/Waterval Boven

Vakante standplaas

Gemeente Johannesburg beskik oor 'n vakante **deelsorgstandplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 144 belydende lidmate, waarvan die meeste in die ouderdomsgroep 35 tot 60 val. Die gemeente bied 'n unieke uitdaging aan 'n bedienaar van die Woord om in 'n tipiese stadsmilieu die Woord te verkondig en die Koninkryk sigbaar te maak. Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n **CV** stuur na **wheelercw@sabc.co.za** of per gewone pos na Posbus 96744, Brixton 2019 **voor 28 April 2010**. Kontak Stienie Wheeler by 082 936 0376 of ds CJ van Wyk (konsulent) by 082 898 2345 vir meer inligting.

Dr Hans Dreyer

Ds Richard van der Westhuizen

Dr Frikkie Labuschagne

Ds Joseph Steÿn

Ds Wimpie Steyn

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Dit gaan beter met **dr Hans Dreyer** nadat 'n tweede abses uit sy long verwyder is. Hy is uit die hospitaal ontslaan en sterk tans tuis aan.

- **Ds en mev Richard van der Westhuizen** word op Sondag 11 April deur Gemeente Tzaneen ontvang. Die diens begin om 11:00.

- **Dr en mev Frikkie Labuschagne** word op Sondag 18 April deur **Gemeente Sasolburg** ontvang. **Ds Joseph Steÿn** word op dieselfde dag deur die **Kuruman-kombinasie** ontvang.

- **Ds Wimpie Steyn**, sedert 1989 predikant van Gemeente Magaliesmoot, aanvaar op Sondag 25 April emeritaat. Sedert die stigting van die gemeente in 1970 was ds Steyn die tweede voltydse predikant daar. Die eerste tien jaar is die gemeente bearbei deur wyle prof Piet (PS) Dreyer.

- Emerituspredikant **ds Koos (JP) Snyman** is onlangs skielik in 'n versorgingsoord opgeneem. Sy nuwe woonadres is dus nou Palms Renaissance Versorgingsoord, Pretoriaweg, Silverton. Sy posadres is Posbus 75603, Lynnwoodrif 0040. Om telefonies vir hom boodskappe te stuur, kan sy dogter, Johanna, geskakel word by 083 310 5385 of 012 807 6621 (naure). Die besonderhede wat op bladsy 170 van die nuutste *Almanak* verskyn, is dus nie meer van toepassing nie.

- **Dr Daan en mev Frieda van Wyk** van Modimolle (Nylstroom) se **e-posadres** het verander van die ctec-adres na **vanwykfrieda@gmail.com**. Vir enige navrae, kontak hulle by 014 717 1402.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende twee weke,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 2 April — Dr Ananda Geyser-Fouché
  - Saterdag 3 April: — Ds David Barnard
  - Sondag 4 April: — Ds Stephan Botha
  - Maandag 5 April: — Di Willem Barnard en Tanya Zwarts
  - Dinsdag 6 April: — Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen

- Woensdag 7 April: Di Corné Lemmens, Frans Redelinghuys en dr Hennie van Deventer
- Donderdag 8 April: Ds Marius Bacon
- Sondag 11 April: Ds Gys van R Els
- Maandag 12 April: Ds Paul Janse van Rensburg
- Dinsdag 13 April: Prof Alex Antonites, di Theuns Botha (emeritus), Nardus Enslin en Gerrie Grobler
- Woensdag 14 April: Di Hans Britz, Fanie Hoffman en James Jooste
- Donderdag 15 April: Dr Hannes Beukes en ds Wessel Swart
- Vrydag 16 April: Ds Gerhard Stoltz

Lisa-Mari Swanepoel

- **Finalejaar teologiestudent Lisa-Mari Swanepoel** het toestemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) gekry om by gemeentes van die Kerk inligting in te samel vir haar skripsie oor *Saamwoon: 'n Prakties-teologiese perspektief*. Sy samel die inligting in onder leiding van prof Theuns Dreyer, en nie dr Malan Storm soos verlede week verkeerdelik berig is nie.

- **Versoek: Bydraes vir Bybels.** Die **Afrika Instituut vir Missiologie** (AIM) bied van **16 tot 18 April** 'n **gemeenskapsprojek** aan in die voormalige Wespark-kerkgebou. Die projek vorm deel van die formele leerplan, en beoog om straatkinders en ander verwaarloosde kinders in daardie omgewing te bereik deur 'n naweek te konsentreer op die 4de, 5de en 6de bedes van die Onse Vader. AIM beplan om minstens 100 Bybels oor die naweek te versprei. Lidmate, weldoeners, gemeentes en ringe word versoek om 'n finansiële bydrae te lewer tot die aankoop van die Bybels. Kontak mev Clarika Hattingh (012 322 8885 / **evangelisasie@nhk.co.za**) of mev Sarie Roux (012 322 8885 / **kassier@nhk.co.za**) ten opsigte van die oorbetaling van die geld. AIM se adresbesonderhede is soos volg: Afrika Instituut vir Missiologie, Posbus 2368, Pretoria 0001. Die bankbesonderhede is die volgende: Afrika Instituut vir Missiologie; tjekrekening nommer 40 6187 8535; bankkode 323 145; BIC-kode 335 545; SWIFT-adres ABSA 2AJJ CPT; IBAN-nommer 406 1878 535.

- Ampsdraers en lidmate word uitgenooi na die **Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) se **Aktualiteitsdag** wat op versoek van die Kommissie van die AKV gereël word. Dit vind plaas op **Dinsdag 27 April** by **Gemeente Montana**. Die volgende temas sal bespreek word:
  - **Skrifbeskouing en Skrifhantering:** Inleiers dr Gert Malan en dr Johan Otto
  - **Volkskerk:** Inleiers ds Rudi Schoeman en prof Ernest van Eck
  - **Ekumene:** Inleiers dr Johan Steenkamp en ds Etienne Fourie
  - **Missionale gemeentes:** Inleiers dr Christo van der Merwe en dr André Botma

  Inskrywingsgeld is R100 per persoon, en sluit verversings en 'n ete in. Registreer asseblief **voor 9 April** by mev Betsie Brits, by 012 420 5393 of **betsie.brits@up.ac.za**. Die bankbesonderhede vir die inbetaling van die registrasiegeld is soos volg: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekening nr 020 149 752, takkode 63 20 05, verwysing 2013K, gevolg deur u voorletters en van.



- Die **5de Algemene Diakensvergadering (ADV)** vind by Gemeente Meyerspark plaas van **Woensdag 19 tot Saterdag 22 Mei 2010**. Registrasie begin op Woensdag 19 Mei om 16:30, en die openingserediens begin om 19:00.

- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van 'n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning is beskikbaar op die Kerk se webblad.

- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

- Afgevaardigdes van die gemeentes in die **ring van Bothaville** het op Woensdag 31 Maart samesprekings met die **Taakspan** in Pretoria gevoer oor die situasie en toekomstige bearbeiding van die onderskeie gemeentes. Die sluiting van goudmyne die afgelope jare het veroorsaak dat die meeste van die gemeentes se lidmatetal drasties gedaal het. Dit is nie maklik om die standplase in stand te hou nie.

- Die eerste **ringsvergaderings** vanjaar begin reeds op 11 April. Rings-vergaderings vind vanjaar vroeër plaas sodat beskrywingspunte en mosies aan die AKV **teen 15 Mei** ingehandig kan wees. Die besonderhede van die vergaderings is soos volg:

  APRIL

o 11 April:	Trichardtsfontein, te Trichardtsfontein
o 13 April:	Zoutpansberg, te Welgelegen
o 16 en 17 April:	Dorsland, te Mariental
o 17 April:	Pietermaritzburg, te Pietermaritzburg
o 17 April:	Noordelike Natal, te Newcastle
o 17 April:	Bothaville, te Bothaville
o 20 April:	Chrissiesmeer, te Breyten
o 24 April:	Noord-Kaapland, te Stella

  MEI

o 1 Mei	Swellendam, te Stilbaai
o 2 Mei	Germiston, te Parkrand
o 2 Mei	Brakpan, te Springs-Oos
o 2 en 3 Mei	Krugersdorp, te Noordrand
o 2 Mei en verder	Roodepoort, te Horison Roodepoort
o 3 Mei	Krokodilrivier, te Buffelspoort
o 4 Mei	Middelburg, te Dullstroom
o 4 Mei	Maquassi, te Bosmansrust
o 5 Mei	Waterberg, te Waterberg
o 7 en 8 Mei	Bloemfontein, te Bloemfontein-Wes
o 7 en 8 Mei	Noordelike Pretoria, te Oos-Moot
o 8 Mei	Heidelberg, te Standerton
o 8 Mei	Heilbron, te Vaalpark
o 8 Mei	Laeveld, te Tzaneen
o 8 Mei	Losberg, te Carletonville
o 8 Mei	Potgietersrus, te Roedtan
o 8 Mei	Vereeniging, te Sonlandpark
o 8 Mei	Wes-Kaapland, te Stellenbosch
o 8 Mei	Zuurfontein, te Primrose
o 9 Mei	Klerksdorp, te Hartbeesfontein
o 9 en 10 Mei	Rustenburg, te Rustenburg
o 9 en 10 Mei	Pretoria-Wes, te Verwoerdburg
o 9 tot 11 Mei	Pretoria, te Meyerspark
o 9 tot 11 Mei	Potchefstroom, te Grimbeekpark
o 10 Mei	Bronkhorstspruit, te Witbank-Noord
o 14 Mei	Lydenburg, te Sabie
o 15 Mei	Johannesburg, te Johannesburg-Suid
o 15 Mei	Oos-Kaapland, te Jeffreysbaai
o 17 Mei	Pretoria-Noord, te Noordwestelike Pretoria
o 22 Mei	Zeerust, te Zwartruggens

- **Gemeente Randburg** se **orrelispos** is vanaf 1 April 2010 vakant. Belangstellendes kan Elna kontak by **admin@nhk-randburg.co.za** of ds CJ van Wyk by **cjvwyk@nhk-randburg.co.za**.

Thinus van Staden

Navi Redd 2006

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor ’n **vakature vir ’n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook ’n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

- **Gemeente Randburg** bied van **7 tot 9 Mei** ’n **huweliksverrykingsgeleentheid** aan by Zinyala Lodge in Limpopo. Ontdek weer die X-faktor in jul huwelik! Die aanbieder is dr Kobus van Biljon. Bespreek by **admin@nhk-randburg.co.za**, of kontak ds CJ van Wyk by **cjvwyk@nhk-randburg.co.za** vir meer inligting.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- Die naweek van **23 tot 25 April** bied Lindie Gouws van *My World* ’n konferensie aan vir vroue in samewerking met **Gemeente Gaborone**. Julius Magan sal die lof en aanbidding lei. Kaartjies is P300 of R330. Dit sluit tee/koffie/beskuit en ’n ligte middagete vir Saterdag in, asook ander verrassings. Vrydag 18:00 tot 21:30, Saterdag 09:00 tot 16:00, en Sondag erediens. Vir navrae en besprekings, kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499.

- Die **NHSV-hoofbestuur se Feeskonsert** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** om 14:00 in die kerksaal van Gemeente Schoemansdal. Die volgende Hervormde kunstenaars tree op ter viering van die 70ste bestaansjaar van die NHSV: Kevin Leo; Thinus van Staden en sy groep; Franco en Ingemari Loots; Hannes Retief; Oorwinningskinders met Jaco, Rianda, Rozelda en Leon Fourie; Henry van Dyk; en die gewilde groep La Diva. Die koste is R60 per persoon en sluit verversings in. Die opbrengs van die konsert is ten bate van die **NHSV se Armoedefonds**. Kaartjies is by die NHSV-kantoor beskikbaar, telefoonnommer 012 325 0117. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

- **Navi Redd** tree op **Donderdag 3 Junie** om 19:00 op in die Eeufeessaal, Krugersdorp. Die koste is R50 per persoon, en die fondse is ten bate van die **NHSV-hoofbestuur se Armoedeprojek**. Kaartjies is beskikbaar by M Fourie, 011 953 1402.

Kampe en toere

- Daar is **nog enkele plekke** beskikbaar vir die toer na die **2010 Passiespel**. Beleef Rome, Oberammergau en die Passiespel, die Swartwoud, Switserland en Parys vir R32 500. Of beleef die Passiespel (sonder Rome) na Parys vir R30 000. Alle lug- en landreëlings, oornag en 2 etes per dag, lughawebelasting en toegangsgelde ingesluit. Skakel ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 dadelik om plek te bevestig.

- **Gemeente Gaborone** in Botswana bied van **31 Mei tot 5 Junie** ’n **vliegsafari aan.** Die projek het verlede jaar ’n groot wins getoon en word vanjaar nog groter aangebied. Kontak Rudie de Wet by +267 713 00166 of **rudie@dewetdrilling.co.bw**, Guillaume Knipe by +267 713 00646 of **gknipe@work.co.bw**, of Jan de Wet +267 713 00168 vir meer inligting.

- ’n **Toer** van agt dae word **na Israel** onderneem van **31 Mei tot 7 Junie 2010**. Maak hierdie onvergeetlike leerervaring mee! Vyfsterakkommodasie en -versorging. Toerprys R19 000 alles insluitend. Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

Op **Saterdag 29 Mei** bied Gemeente Piet Retief 'n **visvangkompetisie** aan by die Heyshopedam op die Ermelopad. Inskrywings vind van 06:00 af plaas en inweeg sluit om 16:00. Inskrywingsgeld beloop R80 per persoon met twee stokke. Die eerste prys is 'n **vakansie aan die Natalse Noordkus** van 'n Vrydag tot die volgende Vrydag, en sluit etes, reiskoste van en na die bestemming asook alle ander moontlike koste **uit**. Die organiseerders aanvaar geen aanspreeklikheid vir skade, verlies of beserings ten opsigte van die kompetisie of die benutting van die prys nie. Die waarde van die eerste prys is minstens R7 000. Die wenner sal met die skenker kommunikeer oor die mees geskikte datum buite seisoen. Die prys sal nie in kontant uitbetaal word nie. Slegs vier persone waarvan ten minste een 'n volwassene moet wees, mag die eerste prys benut. Daar sal ook ander pryse wees, en wegneemetes sal deur die dag te koop wees. Kontak Flip Klopper by 083 785 5448, Isak Potgieter by 072 246 4554 of Gert Coetzee by 082 927 0220. Die **aand** om 19:00 word 'n **damdans** met die tema *The good, the bad and the ugly* aangebied. Toegang by die dans beloop R50 per persoon en sluit 'n ete in. Vir inligting oor die dans, kontak Graeme Bennie by 082 782 2123.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg** in Fochville bied 'n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuise, kinderhuise, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50** – 'n blouwildebees, 'n blesbok, 'n lam, 'n vark en 4 kg biltong. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om in te skryf. Die trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die gemeente se Biltongaand.

- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die basaar op 28 Mei. 'n Replika van 'n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op 'n skaal van 1:14, is aan die gemeente geskenk. Koop 'n kaartjie teen R10 en maak 'n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om deel te neem. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**.

- As deel van **Gemeente Randburg** se jaarlikse basaar (5 Junie 2010), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle 'n kompetisie om **'n vakansie vir twee na Egipte** te wen. Die prys sluit retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies in vir Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); en 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100 by 011 787 4983, **admin@nhk-randburg.co.za** of **elna@nhk-randburg.co.za**.

- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan 'n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

Basaars en markte

- **Gemeente Delareyville** bied weer vanjaar hul gewilde **Generaal Delareyfees** aan. Dit vind plaas op **Saterdag 1 Mei**. Die fees word op die kerkterrein gehou met die Campbells, Piet Planter en Ruben Wentzel as gaskunstenaars. Daar sal ook hope vermaak en heerlike verversings aangebied word. **Toegang is gratis.** Vir 'n skamele R100 kan jy dalk **jou eie veeboerdery** begin. Indien jy die gelukkige wenner is, kan jy wegstap met 'n bul en tien topverse, of vyf topverse, of 10 skaapooie. Hierdie pryse is ook in kontant beskikbaar. Jy

kan kaartjies telefonies bekom en hoef nie teenwoordig te wees die dag met die trekking nie. Topkwaliteit vleis sal teen groothandelpryse beskikbaar wees. Daar sal ook handgemaakte artikels, heerlike tuisgebak en egte Wes-Transvaalse vleisgeregte soos kaiings en sosaties wees. Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of ds Attie Hattingh by 082 770 6862. Meer inligting is ook beskikbaar op Facebook onder *Genl Delareyfees*.

- **Gemeente Vaalharts** hou op **Saterdag 1 Mei Kontreifees** op die sportgronde van Hoërskool Hartswater. Daar gaan fietswedrenne wees, rugby, uitstallings en vele meer. Kontak Riaan Esterhuizen by 053 474 0289 of 082 453 6889 vir meer inligting.

- Die **Kuruman-kombinasie** bied op **Saterdag 29 Mei** om 09:00 die **Kameeldoring-karnaval** aan. Bok van Blerk tree op as gaskunstenaar, en toegang is gratis. Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars gaan ook optree. Hulle het ook ’n groot **kompetisie** teen slegs R100 per kaartjie. Die 1ste prys is ’n gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8; die 2de prys is ’n 1975 Mercedes Benz 240D; die 3de prys is ’n vleispakket bestaande uit ’n slagbees, slagskaap en ’n gemsbok; en die 4de prys is ’n week lang vakansie in Umdloti van 16 tot 23 Julie. Daar sal rou vleis verkoop word teen billike pryse, en daar sal allerhande lekkernye wees om aan te smul. Hulle beplan ook ’n veiling met kwaliteit artikels. Vir meer inligting, kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266.


Bok van Blerk

Thys die Bosveldklong

- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul **Safarikarnaval** op **Saterdag 5 Junie**. Waar gaan jy meer boeregasvryheid, mooier Bosveld-natuurskoon en ’n lekkerder plaasatmosfeer kry as in Groot Marico? Toegang is gratis en daar is volop parkering. Die gaskunstenaar is Thys die Bosveldklong. Koop pragtige kunswerke en antieke meubels op die veiling, eet pap en kaiings soos in die ou dae, vul sommer die vrieskas aan met keur vleissnitte (uiters goeie pryse), om nie te praat nie van die konfyte en ander ingelegde produkte. Rig navrae aan ds Willem Sauer by 079 699 1237 of besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**.

- **Gemeente Ventersdorp** hou op **Saterdag 4 September** basaar. Daar sal ook **pretritte met veteraanmotors** wees. Daar is geen inskrywingsfooi nie maar wel goeie pryse te wen. Enigeen wat die gemeente finansieel wil ondersteun of aan ’n pretrit wil deelneem, kan Mario Röscher kontak by 083 566 4351.

ANDER NUUS

Mariaan Steenkamp

- **Mev Mariaan Steenkamp** van **Die Ondersteuningsraad** laat weet soos volg: “Hiermee opregte dank vir die spoedige reaksie ten opsigte van die behoefte aan meubels vir ’n nuwe maatskaplike werker wat diens aanvaar het by die Vanderbijlpark-kantoor. Prof Natie van Wyk van AIM het aangebied om meubels te voorsien wat na hul verhuising na die Sinodale Kerkkantoor steeds in Hammanskraal gestoor was. Met sy hulp was ons in staat om ’n kantoor ten volle te meubileer! Baie dankie ook aan Leon Botha van die Kerkkantoor wat gehelp het met die vervoer van die meubels.”

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

100 1908 - 2008 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die **Nuwe Hart Stigting** wil 'n bydrae lewer tot moraliteitsherstel in Suid-Afrika, en bied 'n konferensie aan in samewerking met die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch. Dit vind in **Krugersdorp** plaas van **21 tot 23 April**. Skakel Drienie by 011 665 2017, of registreer aanlyn by **www.nuwehart.com.**

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende twee weke plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Woensdag 7 April: Dagbestuur van die Kinderhuise
  - Saterdag 10 April: Dagbestuur van die NHSV

KOMMENTAAR

"Graag wil ek die Kerk bedank vir die *e-Hervormer*. Dit is met groot opgewondenheid dat ek die 'pos' dophou vir my weeklikse *e-Hervormer*. Die artikels daarin is relevant en gee aan my, die leser, baie stof tot nadenke.

Ons lidmaatskap van die hedendaagse kerk gaan deesdae, meer dikwels as net soms, gepaard met worsteling en wroeging. Dis natuurlik 'n goeie ding, want dit hou ons op ons tone en verhoed dat ons stagneer. Ek merk dit ook op in die skrywes in die *e-Hervormer*, en dan besef ek en al die ander lidmate dat ons nie alleen is wanneer ons wonder oor allerlei kwessies nie.

As mense by my wil weet waarom ek in die Hervormde Kerk is, is dit vir my altyd 'n voorreg om te antwoord dat my siening van God se Woord (die kernboodskap – Genade, Mens, God, Christus, Geloof) ooreenstem met my Kerk s'n. Om deurentyd krities na ons eie kerkwees te kyk, is 'n Godgegewe opdrag, en dit verheug my dat my Kerk nie terugstaan in hierdie opsig nie.

Die *e-Hervormer*-span is in ons gebede."

Danie Papenfus

ADVERTENSIES

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing: SENTIK Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

Golgota

Hulle kom toe by 'n plek wat Golgota genoem word;
dit beteken Kopbeenplek.
(Matteus 27: 33)

Die kruis waaraan ons Here gesterf het, is na oorlewering op Golgota, die berugte heuwel van die skedel(s), of Kopbeenplek, in die grond geanker (by die hoogste punt van die heuwel, genoem *Calvaria* – Latyn vir 'skedel'; moontlik so genoem omdat die rotswand soos 'n skedel gelyk het, of moontlik omdat dit besaai was met tereggesteldes se skedels en beendere).

Dr Johann Beukes, wat die voorbladberig geskryf het, het hierdie foto van Golgota saamgestuur. Dit is in 1880 geneem, toe die terrein nog nie deur allerlei moderne simbole ontsier is nie (kragdrade, telefoonpale, en so meer), en voordat dit buite-om normale pelgrimaktiwiteite 'n toeriste-attraksie in die verbruikersin van die woord geword het. Die beeld is nogal treffend.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse